01/09/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – SEPTEMBER 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

  - Die verjaarsdagsteen vir September is Saffier, simboliseer waarheid en opregtheid.
  - Vgl Eksodus 28:18; 39:11; Jesaja 54:11; Openbaring 21:19.
  - Verjaarsdagblom: Aster.

  - **'n Spesiale verjaarsdagwens aan genl. maj. Dirk Marais** wat DV op **26 September 91 jaar** oud word. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegewens, Generaal!

- **Spoedige Beterskapwense aan:**

  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
  - Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Wickus van der Linde, SAIV Voorsitter, skouer operasie.
  - Geoff Holland-Muter, SAIV Sekretaris, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, NUR Lid, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, longprobleme.

- **Koringkorrel** (Engels: Spiritual 'nuggets') – Na aanleiding van Ps 23 vers 2 (By water waar ek kan rus).

  "Water laaf nie net die dors van plante, diere en die mens nie. Dit bring ook koelte en rustigheid in die natuur, en kalmte in die gemoed – van mens en dier." (Attie van der Colf)

- **'n Mondvol**

  "Diere maak nie dood vir die pret nie. Die mens is die enigste wese wat die marteling en dood van sy soortgenote amusant vind." (James Anthony Froude, Oceania)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

➢ **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane:

- **Centuriontak Ontbyt aangebied te GEM Village, Irene** op 5 Augustus 2023, was goed bygewoon en sertifikate is aan nuwe lede oorhandig.

- **Military Fair te eMalahleni (Witbank)** op 12 Augustus 2023. Die Hoëveldtak het ook deelgeneem aan hierdie eerste Militêre Skou van eMalahleni. Taklede was uitgevat in hulle formele drag en het pragtig uitgestaan op dié dag.

- **SAIV Algemene Jaarvergadering** is gehou te GEM Village op 19 Augustus 2023, het baie goed afgeloop. NUR-Lede verantwoordelik vir 'n portefeulje en Takvoorsitters kon hul jaarverslae persoonlik aanbied.

- **Trans Magaliestak het 'n Spitsbraai aangebied met 'n Kunstenaar** op 2 September 2023 by NG Kerk Wonderboom Kerksaal. Dit was 'n reuse sukses. 128 gaste het dit bywoon. Gerrit Jordaan, lid van die tak, (heelregs op die foto) is die Spitsbraaikundige.

Een van die gaste, **Paul Banting**, het hierdie gedig aangaande die geselligheid geskryf:

Die Infanterie Veteraan

Hier is ons nou tog weer almal bymekaar
Soldate van die verlede wil nou vergaar.
Het ons elkeen 'n eie storie om te vertel
Want in die Weermag was ons onder bevel.

Maar nou eers is voor elkeen 'n vol bord
En in die hart is ook stories om uit te stort
Leer ek sommer ook nou ander mense ken,
Mooi geleentheid om nuwe vriende te wen.

Nou gaan ons mos eers die verlede besoek
Want ons laat dié gedagtes nie in 'n hoek.
Gesneuweldes word met 'n kelkie gedenk
Want vir 'n paar was hul lewe 'n geskenk.

Als gegee vir ons land, het hulle gesterwe
Niks is hul betaal: selfs hul lewe verwerwe.
Net soos Dawid kan almal ook God roem
Deur ál ons dae, het Vader soveel gedoen!